Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
1 Julie 2009

Lewensversekeringsbedryf fnuik vals eise ter waarde van miljoene rande

Die lewensversekeringsbedryf het verlede jaar bedrieglike en oneerlike eise ter waarde van R375,9 miljoen gefnuik. Dit is die hoogste jaarlikse bedrag sedert 2003 toe die bedryf begin het met die opstel van statistiek oor eisbedrog en nie-openbaarmaking.

Die getal bedrieglike en oneerlike eise wat die bedryf in die twaalf maande aan die kaak gestel het, het volgens Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), egter tot 1 382 afgeneem. Dit is die laagste jaarlikse getal sedert 2003.

“Dit beteken dus dat terwyl die bedryf daarin geslaag het om bedrieërs aan die man te bring, die waarde van die pogings tot bedrog toegeneem het,” sê Dempsey.

Volgens hom is die styging in die waarde van bedrieglike en oneerlike eise sorgwekkend, maar moet dit in gedagte gehou word dat verreweg die meeste eise eerlik en wettig is en dus deur die lewensversekeringsmaatskappye aanvaar word.

Die lewensversekeringsbedryf het verlede jaar eise ter waarde van meer as R180,6 miljard aan begunstigdes, polishouers en pensioenfondslede uitbetaal. Dit kom dus daarop neer dat bedrieglike en oneerlike eise verlede jaar minder as 1% van die totale eisuitbetalings beloop het.

Indien lewensversekeringsmaatskappye nie pogings aanwend om eisbedrog hok te slaan nie, sal eisuitbetalings aansienlik styg en uiteindelik maatskappye dwing om sulke verliese van hul kliënte te verhaal, sê Dempsey.

Materiële nie-openbaarmaking en wanvoorstelling

Materiële nie-openbaarmaking en wanvoorstelling behels nie die kriminele oogmerk wat by bedrog aanwesig is nie en word dus as oneerlike eise geklassifiseer.

Lewensversekeringsmaatskappye het verlede jaar 884 gevalle van materiële nie-openbaarmaking met ‘n totale waarde van R244,6 miljoen aangemeld. In 2007 het die bedryf 833 gevalle ter waarde van R127 miljoen aangemeld.

Terwyl die aantal gevalle in 2007 en 2008 aansienlik afgeneem het, het die waarde van sulke eise verlede jaar byna verdubbel, sê Dempsey. Volgens hom het verskeie ASISA-lede verlede jaar gevalle van materiële nie-openbaarmaking aangemeld waarby versekerde bedrae van tussen R2 miljoen en R16 miljoen betrokke was. Dit het volgens Dempsey gelei tot ‘n ingrypende styging in die waarde van eise waar materiële nie-openbaarmaking ter sprake was.

Materiële nie-openbaarmaking behels die versuim van polishouers om belangrike inligting oor mediese of leefstylomstandighede openbaar te maak. Polishouers is wetlik verplig om eerlik alle inligting openbaar te maak wat dalk die oordeel van die versekeraar kan beïnvloed wanneer die toepaslike polisvoorwaardes en –premies bepaal word. Inligting wat in die algemeen deur ‘n lewensversekeraar as materieel beskou word, sluit in mediese geskiedenis, gesondheidstoestand, familielede se mediese geskiedenis, lewenstyl en finansiële status.

Wanvoorstelling vind plaas wanneer polishouers nie ten tyde van hul aansoek die erns van ‘n mediese of leefstylomstandigheid ten volle openbaar nie. Poliseienaars doen dit omdat hulle weet dat indien die onderskrywer ten volle oor die risiko ingelig word hulle in alle waarskynlikheid ‘n hoër premie sal moet betaal.

‘n Beduidende afname het ten opsigte van wanvoorstelling voorgekom wat die aantal gevalle en die totale waarde van die betrokke polisse betref, sê Dempsey. Die aantal gevalle het van 208 in 2007 tot 89 verlede jaar afgeneem en die waarde het van R69 miljoen tot R49 miljoen gedaal.

“Dit is bemoedigend om waar te neem dat polishouers al hoe meer besef dit is in hul belang om heeltemal eerlik met hul lewensversekeringsmaatskappy te wees. Dit is baie beter om ten volle eerlik oor ‘n mediese toestand te wees en die toepaslike premie te betaal as om die gevaar te loop dat jou eis afgekeur kan word as jy sterf of ongeskik raak.”

Bedrog met dokumente

Forensiese afdelings het verlede jaar 311 eise blootgelê waarby bedrog met dokumente ter sprake was. Indien daardie eise nie verhinder is nie sou die bedryf ‘n verlies van R60,1 miljoen weens bedrog gely het. In 2007 het die aantal gevalle met bedrog met dokumente 385 beloop met ‘n waarde van R74,8 miljoen.

Een van die gevalle wat deur forensiese ondersoekers oopgevlek is, behels ‘n polishouer wat ‘n aantal vals eise vir ‘n maandelikse ongeskiktheidsvoordeel as gevolg van ‘n nekoperasie ingedien het.

Volgens Dempsey het die polishouer voorgegee dat sy nie binne die verwagte tyd herstel het nie en het sy verskeie kere versoeke ingedien vir die verlenging van die voordeel. Sy het die versoeke met mediese sertifikate ondersteun. Later het sy aangevoer dat haar siekteverlof opgebruik is en dat sy geen ander inkomste as die ongeskiktheidsvoordeel het nie. Sy het ‘n verdere eis gestaaf met briewe van haar bestuurder en die salarisafdeling asook ‘n mediese verslag.

“Tydens ‘n roetine-navraag by haar werkgewer is dit egter vasgestel dat die werkgewer geen dokumente ten opsigte van die betrokke werker uitgereik het nie. ‘n Daaropvolgende ondersoek het aan die lig gebring dat al die dokumente ter sprake vervals was en dat die polishouer ná die aanvanklike eisperiode teruggekeer het werk toe. Die geval is by die polisie aangemeld.”

Begunstigde- en sindikaatbedrog

Die lewensversekeringsbedryf het verlede jaar 64 gevalle van begunstigde- en sindikaatbedrog ter waarde van net meer as R12 miljoen aangemeld.

Volgens Dempsey is ‘n styging van R10 miljoen teenoor 2007 ervaar wat begunstigde- en sindikaatbedrog betref. In 2007 is net 48 eise met ‘n waarde van net meer as R2 miljoen blootgelê.

Sindikate is in ‘n groot mate by eisbedrog met lewensversekering betrokke, maar individuele polishouers is ook dikwels skuldig, sê Dempsey.

In een so ‘n geval het die familie van ‘n polishouer ‘n doodseis ingedien slegs vier maande nadat die lewenspolis uitgereik is.

“Die polis is aan ‘n gesonde, hoewel oorgewig, 47-jarige uitgereik. Volgens die nadoodse ondersoek was die oorledene egter ‘n chroniese siek bejaarde vrou wat lank aan ‘n ernstige longsiekte gely het. ‘n Verdere ondersoek het aan die lig gebring dat die vingerafdrukke nie dié van die versekerde persoon was nie. Die eis is van die hand gewys omdat die oorledene nie die lewensversekerde was nie.”

Tussengangerbetrokkenheid

'n Effense afname het voorgekom ten opsigte van gevalle van bedrog waar tussengangers betrokke was. Die totale waarde van die gevalle het egter van R6,1 miljoen in 2007 tot R10,2 miljoen verlede jaar gestyg.

Bedrog deur tussengangers het sy hoogste vlak in 2004 bereik toe 809 gevalle aangemeld is. Dit het tot 38 gevalle in 2007 afgeneem. Net 34 gevalle is verlede jaar aangemeld.

Dempsey skryf die afname toe aan strenger wetgewing wat tussengangers en hul advies reguleer asook toenemende verbruikerswaaksaamheid en vroeë opsporingsmetodes wat in die bedryf van toepassing is.

Geografiese verspreiding

Die hoogste getal bedrieglike gevalle in 2008 is in KwaZulu-Natal (42%) ingedien, gevolg deur Gauteng (23%) en dan die Oos-Kaap (12%). Dié verspreiding stem ooreen met die gevalle wat in 2007 aangemeld is. KwaZulu-Natal en Gauteng het die meeste gevalle van eisbedrog en nie-openbaarmaking sedert 2003 ervaar.

Vyfjaaroorsig ten opsigte van bedrieglike en oneerlike eise

Bedrog-kategorie	2004	2005	2006	2007	2008
Bedrog met dokumente	1 120 eise ter waarde van R33 miljoen	3 615 eise ter waarde van R31,9 miljoen	459 eise ter waarde van R21,1 miljoen	385 eise ter waarde van R74,8 miljoen	311 eise ter waarde van R60,1 miljoen
Begunstigde- en sindikaat-bedrog	66 eise ter waarde van R6,6 miljoen	57 eise ter waarde van R17,2 miljoen	65 eise ter waarde van R4.2 miljoen	48 eise ter waarde van R2 miljoen	64 eise ter waarde van R12 miljoen
Materiële nie-openbaar-making	1353 eise ter waarde van R127,2 miljoen	1919 eise ter waarde van R157,4 miljoen	1369 eise ter waarde van R143,5 miljoen	833 eise ter waarde van R127 miljoen	884 eise ter waarde van R244,6 miljoen
Wanvoor-stelling	391 eise ter waarde van R32 miljoen	2748 eise ter waarde van R138,5 miljoen	805 eise ter waarde van R69,3 miljoen	208 eise ter waarde van R69 miljoen	89 eise ter waarde van R49 miljoen
Tussen-gangerbetrok-kenheid	809 eise ter waarde van R15,6 miljoen	321 eise ter waarde van R2,1 miljoen	146 eise ter waarde van R4,2 miljoen	38 eise ter waarde van R6,1 miljoen	34 eise ter waarde van R10,2 miljoen
TOTAAL	**3 739 eise ter waarde van R214,4 miljoen**	**8 660 eise ter waarde van R347,1 miljoen**	**2 844 eise ter waarde van R242,3 miljoen**	**1 512 eise ter waarde van R278,9 miljoen**	**1 382eise ter waarde van R375,9 miljoen**

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).